basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/**
**NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

# EKONOMIE V2

## MEI/JUNIE 2024

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 22 bladsye.**

**Approved**

**N PILLAY**
**Internal Moderator**
**16/06/2024**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 17
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 B / implisiete ✓✓
1.1.2 D / ekonomiese wins ✓✓
1.1.3 A / duopolie ✓✓
1.1.4 C / toedelings- ✓✓
1.1.5 D / produsente ✓✓
1.1.6 A / kulturele ✓✓
1.1.7 B / beskerming ✓✓
1.1.8 C / Stockholm Protokol ✓✓

(8 x 2) (16)

### 1.2 PASITEMS

1.2.1 F / som van alle individuele besighede wat 'n soortgelyke tipe van produk produseer ✓
1.2.2 E / die verwydering of onnodige wette en regulasies wat mededinging in die mark beperk ✓
1.2.3 G / produkte wat verskil in voorkoms, grootte en gehalte ✓
1.2.4 A / onder die markewewig vasgestel om goedere meer bekostigbaar te maak ✓
1.2.5 H / sluit die items uit die VPI-mandjie uit wat hoogs onbestendig is of pryse wat deur owerheidsbeleid beïnvloed word✓
1.2.6 B / tradisies, rituele of musiek wat uniek is tot 'n gegewe kultuur of samelewing ✓
1.2.7 I / 'n verskeidenheid plant en dierelewe binne 'n ekosisteem ✓
1.2.8 D / 'n proses waardeur grond en rots as gevolg van wind en water van die Aarde se oppervlakte verwyder word ✓

(8 x 1) (8)

### 1.3 GEE DIE TERM

1.3.1 Vaste koste/ Konstante koste ✓
1.3.2 Marginale inkomste ✓
1.3.3 Prysdiskriminasie ✓
1.3.4 Stagflasie ✓
1.3.5 Toerisme ✓
1.3.6 Bemarkbare permitte

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 17
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

(6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 **KORTVRAE**

2.1.1 **Gee enige TWEE voorbeelde van vaste koste.**

- Huur / Huurkontrak-koste✓
- Versekering ✓
- Salarisse ✓
- Waardevermindering✓
- Rente✓
- Administratiewe koste✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

2.1.2 **Waarom is die vraagkromme vir 'n individuele firma horisontaal in 'n volmaakte mark?**

Dit is omdat die individuele firma 'n prysnemer is en sy produkte teen markprys moet verkoop. / 'n Individuele firma kan enige hoeveelheid verkoop teen die prys wat deur die markkragte bepaal word ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Identifiseer EEN rede waarom 'n ondersoek na die aanlyn mark in Suid-Afrika van stapel gestuur is.**

- Tekort van doeltreffende mededinging ✓
- Die toenemende belangrikheid van die aanlyn ekonomie✓ (1)

2.2.2 **Noem die mededingsinstelling wat 'n soortgelyke status het as dié van 'n hooggeregshof in Suid-Afrika?**

Die Mededingingsappèlhof ✓ (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term *prysvasstelling.***

Vind plaas wanneer firmas ooreenkom of saamspan om uitset te beperk of kunsmatig hoë pryse vas te stel / 'n Ooreenkoms tussen markdeelnemers om pryse gesamentlik te verhoog, te verlaag of te stabiliseer ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 17
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

2.2.4 **Verduidelik die rol van die Mededingingstribunaal.**

- Dit beoordeel op aangeleenthedee wat deur die mededingingskommissie na hul verwys word soos uitsonderings toe te staan/ groot amalgamasies te verbied of te magtig.✓✓
- Reik 'n bevel uit vir aangeleenthede wat deur die Mededingingskommissie aan hul voorgelê word. ✓✓
- Dit kan die besluite van die Mededingingskommissie aanvaar, verwerp of wysig. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.5 **Hoe het die Wet op Mededinging, 1998 (Wet 89 van 1998) Suid-Afrika bevoordeel?**

- Die Wet het die doeltreffendheid van besighede in die ekonomie verbeter.✓✓
- Dit het verbruikers met mededingende pryse en verskeidenheid van produkte voorsien.✓✓
- Dit het alle Suid-Afrikaners aangemoedig om deur KMMO's aan die ekonomie deel te neem.✓✓
- Die Wet het indiensneming bevorder deur die stigting van nuwe besighede.✓✓
- Dit het voorheen benadeelde groepe toegelaat om hul eienaarskap en beheer van besighede te vergroot.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Identifiseer die markprys in die grafiek hierbo.**

R80 ✓ (1)

2.3.2 **Noem die tipe van pryselastisiteit verteenwoordig deur die laagste deel (b – d) van die geknakte vraagkromme.**

Relatief onelasties /onelasties✓ (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die term *oligopolie.***

Dit is 'n markstruktuur wat deur paar verkopers van 'n spesifieke produk of diens oorheers word.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.3.4 **Verduidelik die impak van prys-mededinging op die oligopoliemark.**

Dit kan 'n prysoorlog tot gevolg hê wat pryse of inkomste of wins vir die besighede sal verlaag✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 17
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

2.3.5 **Hoe kan firmas wat in 'n oligopoliemark werksaam is, hulle markaandeel vermeerder?**

- Firmas in 'n oligopoliemark kan nie-prysmededingingstrategieë gebruik om hul markaandeel te vergroot✓✓
- Firmas in 'n oligopolie markstruktuur gebruik advertensie om 'n mededingende voordeel bo die mededingers te verkry. ✓✓
- Die firmas mag vir langer ure oop bly wanneer die mededingers reeds gesluit het. ✓✓
- Bied lojaliteitstoekenning aan klante met die doel om hul klantebasis te behou. ✓✓
- Sommige van die firmas bied naverkoopdiens aan klante soos gratis aflewering. ✓✓
- Gebruik van die internet om hul besigheid of produkte te bemark, help oligopolie besighede om 'n mededingende voordeel te hê. ✓✓
- Die firma kan hul produkte effens verskillend maak van die van hul mededingers. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.4 **Onderskei tussen 'n *natuurlike monopolie* en 'n *kunsmatige monopolie*.**

- Natuurlike monopolieë bestaan as gevolg van hindernisse tot toetrede wat ekonomies van aard is, terwyl kunsmatige bestaan as gevolg van hindernisse tot toetrede wat nie ekonomies van aard is nie. ✓✓
- Hoë ontwikkelingskoste is 'n algemene rede vir natuurlike monopolieë terwyl patentregte en lisensies algemene redes vir kunsmatige monopolieë is. ✓✓
- Eskom is 'n natuurlike monopolie aangesien dit miljarde rande benodig om elektrisiteitsopwekking en transmissie-infrastruktuur te vestig en in stand te hou terwyl SAUK 'n kunsmatige monopolie is aangesien dit lisensies vir nuwe besighede vereis om radio- en TV-uitsaaidienste te verskaf. ✓✓
- Natuurlike monopolie ontstaan wanneer 'n enkele firma in staat is om 'n goed of diens teen 'n laer koste as enige ander besigheid te produseer, maar kunsmatige monopolie ontstaan wanneer 'n enkele firma in staat is om beheer oor die mark te verkry deur regeringsoptrede. ✓✓
- Natuurlike monopolie ontstaan uit die inherente kenmerke van die mark self terwyl 'n kunsmatige monopolie deur eksterne kragte geskep word. ✓✓
- Transnet en PRASA is ander voorbeelde van natuurlike monopolieë terwyl POSKANTOOR en SAID ander voorbeelde van kunsmatige monopolieë in Suid-Afrika is. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks.8)

**OF**

**Natuurlike monopolie**
- Bestaan as gevolg van hindernisse tot toetrede wat ekonomies van aard is✓
- Hoë ontwikkelingskoste is 'n algemene rede vir natuurlike monopolieë ✓
- Eskom is 'n natuurlike monopolie aangesien dit miljarde rande benodig om elektrisiteitsopwekking en transmissie-infrastruktuur te vestig en in stand te hou. ✓
- Natuurlike monopolie ontstaan wanneer 'n enkele firma in staat is om 'n goed of diens teen 'n laer koste as enige ander besigheid te produseer ✓
- Natuurlike monopolie ontstaan uit die inherente kenmerke van die mark self✓



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 17
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

- Transnet en PRASA is ander voorbeelde van natuurlike monopolieë in Suid-Afrika. ✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks. 4)

**Kunsmatige monopolie**

- Bestaan as gevolg van hindernisse tot toetrede wat nie ekonomies van aard is nie. ✓
- Patenteregte en lisensies is 'n algemene rede vir kunsmatige monopolieë. ✓
- SAUK is 'n kunsmatige monopolie aangesien dit lisensies vir nuwe besighede vereis om radio- en TV-uitsaaidienste te verskaf. ✓
- Kunsmatige monopolie ontstaan wanneer 'n enkele firma in staat is om beheer oor die mark te verkry deur regeringsoptrede. ✓
- 'n Kunsmatige monopolie word deur eksterne kragte geskep. ✓
- POSKANTOOR en SAID is ander voorbeelde van kunsmatige monopolieë in Suid-Afrika. ✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks. 4) (8)

**NB: Indien kandidate die tweede metode vir differensiasie gebruik, ken punte volgens die opeenvolgende aanbieding van feite op beide tipes monopolie toe. Bv. kolpunt een onder natuurlike monopolie moet verband hou met kolpunt een onder kunsmatige monopolie. Indien daar geen korrelasie is nie, kan een tipe monopolie tot 'n maksimum van 4 punte gemerk word. Bykomende punte kan slegs toegeken word waar daar korrelasie is.**

2.5 **Ontleed die effek van toenemende mededinging op die mark.**

**Toename in mededinging kan die mark as volg positief beïnvloed: -**

- Soos meer besighede die mark betree, sal meer goedere en dienste geproduseer word wat markaanbod verhoog. ✓✓
- Verhoogde mededinging dwing besighede om te fokus op die lewering van kwaliteit produkte en dienste om mededingend te bly. ✓✓
- Besighede kan pryse verlaag om meer klante te lok wat verbruikers bevoordeel. ✓✓
- Mededinging kan besighede dryf om innoverend te wees en nuwe produkte en dienste te skep om voor hul mededingers te bly. ✓✓
- 'n Verhoging in mededinging skep meer doeltreffende en dinamiese plek wat tot voordele vir beide verbruikers en besighede lei. ✓✓

**Toename in mededinging kan die mark as volg negatief beïnvloed:-**

- Besighede kan hul pryse verlaag om mededingend te bly wat tot laer winsgrens kan lei. ✓✓
- Verhoogde mededinging kan daartoe lei dat sommige besighede sukkel om lewensvatbaar te bly en gedwing word om te sluit. ✓✓
- Besigheidssluitings en verminderde winsgrens kan tot minder aanbod van goedere en dienste op die mark lei. ✓✓
- Verhoogde mededinging kan tot prysoorloë tussen maatskappye lei en hul winste verminder. ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
  **(Ken 'n maksimum van 2 punte vir blote lys van feite toe)** (4 x 2) (8)

**[40]**



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 17
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 30 MINUTE

### 3.1 KORTVRAE

**3.1.1 Gee enige TWEE uitwerkings (effekte) van toerisme.**

- Verhoog BBP ✓
- Verhoog indiensneming ✓
- Verminder armoede ✓
- Veroorsaak omgewingstres ✓
- Verbeter investering ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

**3.1.2 Waarom is besighede teësinnig (onwillig) om na meer omgewingsvriendelike produksiemetodes te verander?**

- Hoër produksiekoste en moontlike verlies aan inkomste kan veroorsaak dat besighede omgewingsvriendelike produksiemetodes weerstaan. ✓✓
- Werknemers mag dalk heropleiding benodig en omgewingsvriendelike metodes kan deur besighede as tydrowend beskou word.✓✓
- Die installering van omgewingsvriendelike produksiemetodes kan ekstra uitgawes vir die besighede tot gevolg hê. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

### 3.2 DATARESPONS

**3.2.1 Identifiseer die term in die tabel hierbo, wat verwys na toeriste wat ander lande besoek.**

Uitgaande toerisme/ inkomende toerisme ✓ (1)

**3.2.2 Noem EEN maatstaf (manier) wat gebruik word om toerisme te meet.**

- Doel van die besoek✓
- Afstand moet ten minste 160km wees✓
- Duur van verblyf (minimum 1 nag en maksimum 1 jaar) ✓
- Geen vergoeding moet ontvang word nie ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

**3.2.3 Beskryf kortliks die term *transito-toerisme*.**

Toeriste wat lug-, see-, pad- en spoorvervoer gebruik, stop op pad na hul bestemming. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 17
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

3.2.4 **Waarom verkies mense van ander lande Suid-Afrika as 'n toeristebestemming?**

- Suid-Afrika het gunstige klimaatstoestande wat toeriste toelaat om verskillende toerisme-aktiwiteite te ervaar. ✓✓
- Verhoogde bemarkingsveltogte (advertering) maak mense van die buiteland bewus van unieke toeristebestemmings in Suid-Afrika. ✓✓
- Toeriste vind Suid-Afrika se wisselkoers gunstig in vergelyking met ander lande. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.2.5 **Hoe kan 'n toename in toerisme-aktiwiteite die omgewing negatief beïnvloed?**

- Permanente herstrukturering van die landskappe as gevolg van konstruksie van hoofweë. ✓✓
- Bykomende afvalprodukte beide biologies (riool) en nie-biologies (rommel). ✓✓
- Veroorsaak direkte omgewingstres soos verlies aan wildspesies as gevolg van safari-jag ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Watter tipe besoedeling word in die prent hierbo uitgebeeld?**

Lugbesoedeling ✓ (1)

3.3.2 **Noem enige EEN voorbeeld van 'n hernubare bron van energie.**

- Sonkrag ✓
- Water ✓
- Wind ✓
- Bio-massa ✓
- Geotermiese✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die term *omgewingsvolhoubaarheid.***

Die vermoë van die omgewing om die gebruik daarvan vir ekonomiese aktiwiteit te oorleef / Om in die behoeftes van die huidige generasie te voorsien sonder om die behoeftes van toekomstige generasies in te boet. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 17
APPROVED MARKING GUIDELINE

3.3.4 **Verduidelik die uitwerking van ontbossing op die omgewing.**

- Verlies aan dier- en plantspesies as gevolg van die verlies van die inwoner en sommige van hulle word selfs tot uitsterwing gedryf. ✓✓
- Die gebrek aan bome laat toe dat 'n groter hoeveelheid kweekhuisgasse in die atmosfeer vrygestel word. ✓✓
- Ontbossing verminder die beheer van die vlak van water in die atmosfeer wat help om die watersiklus te reguleer. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.5 **Hoe kan besoedeling klimaatsverandering veroorsaak?**

- Besoedeling stel kweekhuisgasse in die atmosfeer vry wat bydra tot osoonuitputting. ✓✓
- Die ophoping van kweekhuisgasse vang die hitte vas wat 'n verhoging in die wêreldtemperatuur tot gevolg hê. ✓✓
- Die verhoogde temperatuur ontwrig weerpatrone-ekosisteme aangesien dit tot verhoogde rampe soos veldbrande, vloede, aardbewings, ensovoorts lei. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.4 **Bespreek kortliks *bemarking* en *ruimtelike verspreiding* as beleidsvoorstelle om toerisme te bevorder.**

**Bemarking**

- Die Besigheidstrust en Toerisme Toerisme-besigheidsraad van Suid-Afrika saam met die Departement van Omgewingsake en Toerisme (DOT) bevorder Suid-Afrika as 'n bestemming na die buitelandse markte. ✓✓
- Beklemtoon die diversiteit van die toerismeprodukte wat boottoere, sport, wildjag-safari's, ens. insluit wat beide nasionale en internasionale toeriste lok.✓✓
- 'n Doelbewuste poging om Suid-Afrika se unieke toeristebestemmings te bemark, bv. deur middel van advertensies. ✓✓ (Maks. 4)

**Ruimtelike verspreiding**

- Ruimtelike verspreiding behels die verspreiding van toerisme doeltreffend om te verseker dat die verskeie toeristeterreine vir toeriste toeganklik is. ✓✓
- Toerisme-liggame wat aan toeriste-gebaseerde bedrywe gekoppel is, moet geskep word om te verseker dat toeriste maklik toegang tot kennis oor alle toeristebestemmings in die land het. ✓✓
- Toeriste moet akkurate produkbeskrywings en inligting oor mededingende pryse ontvang deur toeristebestemmings wat minder bekend is aggressief te bemark. ✓✓
- Ondersteuningsdienste en fasiliteite soos vervoer, kommunikasie en ander geriewe moet verbeter en wêreldklas word. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks. 4) (8)



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 17
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**3.5 Hoe kan die heffing van belasting die volhoubare gebruik van die omgewing verseker?**

- Heffing van belasting op die uitsette van goedere wat eksterne omgewingkostes (besoedeling) genereer, sal laer uitset tot gevolg hê wat minder skade aan die omgewing sal veroorsaak. ✓✓ Bv. groenbelasting✓
- Die heffing van belasting kan besighede dwing of aanmoedig om na omgewingsvriendelike produkte of produksiemetodes oor te skakel. ✓✓
- Omgewingsbelasting verseker dat praktyke wat skadelik vir die omgewing is, verminder word. ✓✓
- Die owerheid kan die inkomste deur omgewingsbelasting (groenbelasting / koolstofbelasting) gegenereer, gebruik om die samelewing oor omgewingskwessies op te voed. ✓✓
- Die owerheid bied subsidies aan besighede wat hulle verbind tot die gebruik van groen-energie en die vervaardiging van omgewingsvriendelike produkte.✓✓
- Die heffing van koolstofbelasting op motorvoertuie wat nie met koolstof-vrystellingverminderingstoestel (katalitiese omsetter) toegerus is nie sal motorpryse laat styg wat tot 'n afname in hul aanvraag sal lei. ✓✓
- Die koers van omgewingsbelasting moet gelyk wees aan die marginale eksterne koste om die vlak van besoedeling te verminder. ✓✓
- Die owerheid het die gebruik van bio-afbreekbare papiersakke in wetgewing gestel as 'n manier om rommelvrye omgewing te verseker. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

**(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir blote lys van feite)** (4 x 2) (8)

**[40]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 17
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

### 4.1 KORTVRAE

**4.1.1 Noem enige TWEE Wêrelderfenisgebiede in Suid-Afrika.**

- Mapungubwe ✓
- Robbeneiland ✓
- Khomani ✓
- Cradle of humankind/ Sterkfonteingrotte✓
- ISimangaliso Vleilandpark ✓
- Vredefort-koepel ✓
- Barberton Makhonjwa Makhonyaberge ✓
- Kaapse floraryk/ Fynbosstreek(Tafeberg ingesluit) ✓
- Ukhahlamba Maloti Drakensbergpark ✓
- Richterveld Kulturêle en Botaniese Landskap✓ (2 x 1) (2)

**4.1.2 Waarom sou 'n monopolie onwillig wees om buitensporige hoë pryse vir hul produkte te vra?**

- Buitensporige hoë pryse sal die vraag na die produkte verminder wat winsgrense negatief sal beïnvloed. ✓✓
- Dit kan daartoe lei dat verbruikers na alternatiewe goedere oorskakel alhoewel dit dalk nie nabye plaasvervangers is nie. ✓✓
- Monopoliepryse kan deur die owerheid gereguleer word, bv. elektrisiteitspryse word deur NERSA gereguleer. ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

### 4.2 DATARESPONS

**4.2.1 Identifiseer die byskrif vir die winsmaksimeringspunt in die grafiek hierbo.**

C ✓ (1)

**4.2.2 Gee 'n byskrif vir die kromme wat deur die letter X voorgestel word.**

Langtermyn marginale koste (LMK) ✓ (1)

**4.2.3 Beskryf kortliks die term *langtermyn.***

Die produksietydperk waartydens alle produksiefaktore kan verander.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 17
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

4.2.4 **Waarom is die posisie van die marginale inkomste (LMI) -kromme onder die gemiddelde inkomste (LGI) -kromme?**

As gevolg van die afwaartse skuins gemiddelde inkomste/vraagkromme word elke ekstra eenheid van 'n produk teen 'n laer prys verkoop.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.2.5 **Bereken die wins/verlies wat die firma gemaak het. Toon ALLE berekeninge.**

| | | |
|---|---|---|
| TI - TK | | (GI – GK) x H |
| (P x H) - (GK x H) | | (R42 – R32✓) x 100 ✓ |
| R42 x 100 ✓– R32 x 100 ✓ | **OF** | R10 x 100 ✓ |
| R4 200 – R3 200 ✓ | | R1 000 ✓ |
| R1 000 ✓ | | |

**Ken 1 punt vir die korrekte formule toe as die berekeninge verkeerd is**. (4)

## 4.3 DATARESPONS

4.3.1 **Identifiseer die term in die uittreksel wat na die vrystelling/verwydering van afvalmateriaal in die omgewing verwys.**

Besoedeling ✓ (1)

4.3.2 **Watter internasionale ooreenkoms gee aandag aan die uitwissing van bedreigde spesies?**

Die Konvensie oor die Internasionale Handel in Bedreigde Spesies (CITES)✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die term *bewaring*.**

'n Daad om natuurlike hulpbronne wat deur uitwissing bedreig word, ongeskonde te hou deur te verseker dat hulle nie uitgeput raak nie. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.4 **Verduidelik onvolhoubare gebruik van natuurlike hulpbronne as 'n bydraende faktor tot die verlies aan biodiversiteit.**

Sommige diere en plante kan uitsterf soos hulle gebruik/verbruik word sonder om vervang te word. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(2)

4.3.5 **Waarom word gevaarlike afval as skadelik vir die omgewing beskou?**

- Gevaarlike afval kan alle vorm van lewe, organismes en hele ekosisteem in gevaar stel. ✓✓




DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 17
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC [illegible] NATION

- Gevaarlike afval het 'n stadige ontbindingstemp (Dit bly giftig vir 'n lang periode) . ✓✓
- Hou 'n ernstige bedreiging in aangesien dit giftig, vlambaar en roesbaar is.✓✓
- Kan verskeie tipes siektes soos kanker, hoofpyne en asemhalings-probleme veroorsaak.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

4.4 **Met behulp van 'n goed benoemde grafiek, verduidelik normale wins vir 'n volmaak mededingende firma.**

| | |
|---|---|
| • Korrekte posisie en benoeming van die koste en inkomstekrommes | = 1 punt |
| • Korrekte aanduiding van gelykbreekpunt | = 1 punt |
| • Korrekte benoeming van asse | = 1 punt |
| • Korrekte benoeming op die asse | = 1 punt |
| **Maks 4 punte** | |




(Maks 4)

- Normale wins is die minimum verdienste wat vereis word om te verhoed dat die firma die bedryf verlaat. ✓✓
- Die firma produseer by punt e, waar MI=MK en H/100 eenhede geproduseer word teen 'n prys van P/R10. ✓✓
- Die firma maak normale wins/gelykbreek omdat gemiddelde inkomste (P/R10) gelyk is aan gemiddelde koste (P/R10). ✓✓
- Die firma maak normale wins van TI (P x H) – TK (GK x H) = R1000 – R1000 = R0. ✓✓ (Maks 4) (8)



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 17
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC ... ATION

4.5 **Hoe bevorder infrastruktuur binnelandse toerisme in Suid-Afrika?**

- Deurlopende instandhouding en opgradering van bestaande infrastruktuur ten einde toeganklikheid van toeristebestemmings te verbeter ✓✓
- Verbetering van die toeganklikheid en infrastruktuur in landelike gebiede om hierdie gebiede in staat te stel om hul toerismepotensiaal te verwesenlik ✓✓
- Gebruik van moderne rekenaar- en kommunikasietegnologieë om reis- en toerismeprodukte, -dienste en -inligting doeltreffend plaaslik te bemark, te bevorder en te versprei. ✓✓
- Fasilitering van die befondsing van groot toerisme-infrastruktuurprojekte wat 'n impak op die ontwikkeling van die toerismebedryf sal hê. ✓✓
- Oorweging van Suider-Afrikaanse toerismepotensiaal wanneer groot toerismeverwante infrastruktuurprojekte ontwikkel word. ✓✓
- Noue samewerking met die Departement van Vervoer om vervoerdienste vir binnelandse toerismebedrywe te verbeter. ✓✓
- Hersiening van huidige padtekens om maksimum klante-tevredenheid te verseker. ✓✓
- Uitbreiding van toerisme-infrastruktuur as 'n langtermynstrategie eerder as op 'n ad hoc-basis. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
**(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir blote lys van feite)** (4 x 2) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 17
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek in detail die oorsake van markmislukking.** (26)
- **Ontleed die impak van minimumpryse in die ekonomie.** (10)

**INLEIDING**
Markmislukking is wanneer die kragte van aanbod en vraag misluk om hulpbronne doeltreffend toe te ken/ Wanneer markte mislik om goedere en dienste doeltreffend toe te ken. ✓✓ (Maks. 2)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding)

**HOOFDEEL**

**EKSTERNALITEITE** ✓
- Eksternaliteite is koste en voordele aan die derde party wat nie by die markprys ingesluit is nie. ✓✓
- Goedere wat negatiewe eksternaliteite het word oorgeproduseer omdat die koste aan die derde party nie by die markprys ingesluit is nie. ✓✓
- Goedere wat positiewe eksternaliteite het word ondergeproduseer omdat die voordeel aan die derde party nie by die markprys ingeluit is nie. ✓✓
- Eksternaliteite is die koste en voordele (oorspoel-effekte of derdepartye- effekte) wat private koste en voordele in sosiale koste en voordele omskakel.✓✓

**Basiese koste- en voordeelkonsepte van eksternaliteite sluit die volgende in;**
- Privaat koste is die interne koste wat deur verbruikers en produsente aangegaan word wanneer hulle goedere en dienste koop of produseer. ✓✓
- Private voordele word geniet deur diegene wat die goedere koop en diegene wat die goedere vervaardig. ✓✓ Byvoorbeeld, die gesin geniet dit om die motor te gebruik en die produsent verkoop dit (wins). ✓
- Sosiale koste is die koste vir individuele produsente en verbruikers sowel as vir die samelewing in die algemeen. ✓✓ Byvoorbeeld, besoedeling wat deur afvalprodukte veroorsaak word, soos motorbande, batterye, olie. ✓
- Geen waarde word vir hierdie ekstra of eksterne koste gegee nie, want geen mark bestaan om dit te prys nie. ✓✓
- Sosiale koste sluit beide private koste en eksterne kostes in. ✓✓
- Sosiale voordele is die totale voordele wat produsente, verbruikers en die samelewing in die algemeen geniet. ✓✓
- Sosiale voordele sluit beide private voordeel en eksterne voordeel in. ✓✓

**Ontbrekende markte** ✓
Markte is dikwels onvolledig in die sin dat hulle nie in die vraag na sekere goedere kan voorsien nie. ✓✓

**Openbare goedere:** ✓
- Hulle word nie deur die prysmeganisme verskaf nie omdat produsente nie die goedere van wanbetaling kan weerhou nie en daar is dikwels geen manier om te meet hoeveel 'n persoon verbruik nie. ✓✓



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -05- 17
APPROVED MARKING GUIDELINE

Openbare goedere, wat gemeenskaps- en kollektiewe goedere insluit, het die volgende kenmerke:

- Nie-mededinging wat beteken dat verbruik deur een persoon nie die verbruik van 'n ander persoon verminder nie, ✓✓ byvoorbeeld 'n vuurtoring. ✓
- Nie-uitsluitbaarheid wat beteken dat verbruik nie beperk kan word tot diegene wat betaal het nie, dus is daar niebetalers, ✓✓ byvoorbeeld radio- en TV-lisensies in Suid-Afrika. ✓
- Nie-weiering wat beteken dat individue nie kan weerhou van verbruik van openbare goedere soos straatligte nie ✓✓

**Meriete goedere**✓

- Dit is goedere/dienste wat as noodsaaklik of voordelig vir die samelewing geag word, ✓✓ Byvoorbeeld, onderwys, gesondheidsorg, ens. ✓
- Hierdie goedere is hoogs wenslik vir algemene welsyn, maar nie hoog aangeslaan deur die mark nie, daarom word onvoldoende uitset/aanbod verskaf✓✓
- Die rede vir die onderaanbod van meriete goedere is dat die mark slegs die private koste en voordele in ag neem en nie die sosialee koste en voordele nie. ✓✓

**Niemeriete goedere** ✓

- Dit is goedere/dienste wat as sleg of skadelik vir verbruik beskou word, daarom moet ons minder hiervan gebruik✓✓ Byvoorbeeld, alkohol, sigarette, ens. ✓
- Niemeriete goedere lei tot baie sosiale kostes, daarom hef die owerheid sondebelasting/ aksynsbelasting om die verbruik van sulke goedere te ontmoedig.✓✓
- Die mark is geneig om niemeriete goedere te oorvoorsien. ✓✓
- Sommige verbruikers is dalk onbewus van die werklike koste van die verbruik daarvan.✓✓

**Gebrek aan inligting** ✓

- Tegniese en toedelingsdoeltreffendheid vereis dat beide produsente en verbruikers volledige en akkurate inligting het oor die koste en voordele van die goedere en dienste wat in die mark geproduseer en verbruik word. ✓✓
- Produsente en verbruikers neem produksie- en verbruiksbesluite gebaseer op die inligting wat hulle het.
- Wanneer inligting onvolledig of onakkuraat is , lei dit tot verkeerde besluite oor wat om te produseer, hoe om te produseer en vir wie om te produseer en 'n vermorsing van hulpbronne vind plaas. ✓✓
- Produsente ken dalk nie al die verskillende tegnologieë en produksietegnieke wat beskikbaar is en die verskillende hulpbronne wat die beste gebruik kan word om goedere/dienste meer doeltreffend te produseer nie. ✓✓
- Verbruikers weet dalk nie dat die prys van 'n produk laer is van ander verskaffers of oor die skadelike uitwerking van 'n produk nie, aangesien hulle dalk net hul besluite om die produk te gebruik op die inligting van 'n misleidende verskaffer kan baseer.✓✓

**Onbeweeglikheid van produksiefaktore**✓

- Markte kan nie reageer op veranderinge in verbruikers se vraag as hulpbronne nie gemaklik verplaas kan word as gevolg van 'n tekort aan inligting. ✓✓
- Die aanbod van arbeid kan nie verhoog word nie omdat dit tyd neem om opgelei of opgevoed te word. ✓✓
- Arbeid: neem tyd om in nuwe beroepe en geografiese te verskuif as gevolg van die



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -05- 17
APPROVED MARKING GUIDELINE

lang tyd wat dit neem om vaardighede te opgradeer en familiebande✓✓
- Fisiese kapitaal soos toerusting, geboue, grond en rou materiaal kan slegs verskuif van een plek na 'n ander teen hoë koste✓✓
- Tegnologiese aanwending verander produksiemetodes soos die gebruik van robotte eerder as fisiese arbeid✓✓
- Met groter tegnologiese veranderinge is daar 'n behoefte vir werkers om meer aanpasbaar te raak, om vaardighede te opgradeer en werk, beroepe en werkpatrone te verander✓✓

**Onvolmaakte mededinging** ✓
- In markekonomieë word mededinging dikwels deur markkragte verswak omdat mad dikwels lê met produsente as met verbruikers✓✓
- Meeste besighede funksioneer onder toestande van onvolmaakte mededinging wat hulle in staat stel om uitset te beperk, pryse te verhoog en te produseer waar pryse die marginale koste oorskry✓✓
- Monopolieë en oligopoliee beperk aanbod ten einde winste te maksimeer en kan ook nuwe besighede verhoed om die bedryf te betree✓✓
- Hulpbronne is ondervoorsien vir die produksie van goedere en dienste wat onder omstandighede van onvolmaakte mededinging geproduseer word✓✓
- Die owerheid kan kies om niks te doen aan onvolmaakte mededinging nie en vertrou dat groter winste mededingers na die mark sal lok of dit kan die mark deur die mededingingsbeleid reguleer. ✓✓

**Onvolmaakte verspreiding van inkomste en welvaart** ✓
- Die tekortkominge van markstelsel is dat dit neutraal in die kwessies van inkomsteverdeling. ✓✓
- Indien die oorspronklike verdeling van inkomste ongelyk is, sal die finale verspreiding ook ongelyk wees, dus is die mark besig om te misluk. ✓✓
- Ongelyke verdeling van inkomste word veroorsaak deur verskeie vlakke van vaardighede en die vermoë om uitsette te produseer. ✓✓
- Die mark slaag nie daarin om te verseker dat almal gelyke toegang tot die uitset van die ekonomie kry nie ✓✓
- Te veel van die hulpbronne word gebruik om uitset vir die rykes te produseer en te min vir die armes. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord) (Maks 26)
**(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir opskrifte/subopskrifte/voorbeelde)**

**ADDISIONELE DEEL**
**Minimum pryse kan as volg 'n positiewe impak op die ekonomie hê; -**
- Minimum pryse word bo die ewewigsprys vasgestel om plaasboere te bevoordeel aangesien hulle voldoende wins sal maak. ✓✓
- Minimum pryse laat landbouprodusente toe om voldoende uitset te produseer om voedselsekerheid in die land te verseker. ✓✓
- Meer werkers kan in diens geneem word om meer landbou-uitset te produseer wat werkloosheid in die ekonomie sal verminder. ✓✓
- Toename in landbouproduksie kan tot die BBP bydra wat ekonomiese groei stimuleer.✓✓
- Meer goedere kan uitgevoer word om meer buitelandse valuta te genereer en BB--probleme te verminder. ✓✓
- Besighede kan aangemoedig word om meer te belê in die bedrywe wat deur minimum pryse gedek word wat selfs meer surplusse tot gevolg het. ✓✓



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 17
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLI

**Minimum pryse kan as volg 'n negatiewe impak op die ekonomie hê; -**

- Vervaardigingsondernemings kan gedwing word om landbougrondstowwe teen hoër koste aan te skaf wat tot inflasie kan bydra.
- Verbruikers kan vervaardigde goedere teen hoër pryse koop wat hul lewenskoste kan verhoog.
- Die lewenstandaard vir die huishoudings kan afneem omdat hulle nie noodsaaklike goedere en dienste kan bekostig nie.
- Die implementering van minimum pryse skep produksurplusse aangesien die hoeveelheid wat verskaf word groter is as die hoeveelheid wat in die land gevra word en dus tot vermorsing van hulpbronne lei.
- Die surplusprodukte word óf gestort óf verkoop teen pryse wat onder die markprys in die buiteland is om pryse in die land te stabiliseer.
- Soms word surplusprodukte vernietig of as veevoer gebruik, aangesien storting van goedere teen die reëls van die Wêreldhandelsorganisasie is.

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks. 10)
**(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir blote lys van feite)**

**SLOT**

Belasting en subsidies kan doeltreffende instrumente wees om markmislukkings aan te spreek. Die ontwerp van die belasting of subsidie moet egter noukeurig oorweeg word om te verseker dat dit doeltreffend is om die markmislukking aan te spreek sonder om onbedoelde gevolge te skep.. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoe orde slot) (Maks 2)
**[40]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 17
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC ... NATION

**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek in detail die gevolge van inflasie.** (26)
- **Hoe kan die voortdurende fases van beurtkrag inflasie veroorsaak?** (10)

**INLEIDING**
Inflasie is 'n aansienlike en volhoubare toename in die algemene prysvlak van goedere en dienste oor 'n tydperk. ✓✓ (Maks. 2)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding)

**LIGGAAM:**
**HOOFDEEL**

**Krediteure**✓
- Krediteure (uitleners) ly as gevolg van prysstygings omdat hulle geld terugkry wat 'n laer koopkrag het, veral as die rentekoers laer as die inflasiekoers was / inflasie benadeel krediteure aangesien hulle verloor as gevolg van 'n daling in die werklike waarde van geld. ✓✓
- Veranderinge in prysvlakke beïnvloed debiteure en krediteure verskillend in verskillende tydperke. ✓✓

**Debiteure**✓
- Debiteure (leners) ontvang geld met 'n hoë koopkrag en betaal terug met geld met 'n laer koopkrag. ✓✓
- Leners trek voordeel uit prysstygings omdat hulle terugbetaal met geld wat 'n lae koopkrag het. ✓✓
- Gedurende tydperke van stygende pryse, wen debiteure in reële terme omdat die kontrak vooraf onderteken is en nie verander kan word nie. ✓✓
- Debiteure ontvang die geld met 'n relatief hoë koopkrag en betaal hul lenings met 'n lae koopkrag terug, tensy rentekoerse voldoende is om die situasie te voorkom. ✓✓

**Salaris- en loontrekkers**✓
- Prysstygings beïnvloed mense negatief omdat hul inkomste relatief vas is. ✓✓
- Reële lone daal skerp gedurende tydperk van hoë inflasie as gevolg van 'n afname in kapitaalvoorraad en 'n verskuiwing in relatiewe pryse. ✓✓
- Inflasie kan groot dele van die bevolking verarm deur die reële lone te erodeer (te laat verval). ✓✓
- Lone is die belangrike komponent van rykdom; hulle vorm die hoofbron van inkomste vir baie huishoudings, veral vir die minder gegoedes. ✓✓
- Die gedrag van reële lone het dus 'n direkte invloed op inkomsteverdeling en die vlak van armoede. ✓✓
- Afgetrede mense, pensioenarisse en armes, wat die erosie van bestedingskrag sal ervaar en uiteindelik te min verdien om te oorleef. ✓✓
- Loonverhogings is laer as die inflasiekoersverhoging. ✓✓



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -05- 17
APPROVED MARKING GUIDELINE

**Beleggers en spaarders**
- Bates met 'n vaste nominale waarde het 'n vaste opbrengs en laer koopkrag soos pryse styg. ✓✓
- Koopkrag word verminder tensy die rentekoers bo die inflasiekoers is. ✓✓
- Mense wat in verhandelbare instrumente soos aandele belê, trek dikwels voordeel uit inflasie, want gedurende tydperke van inflasie word rentekoerse verhoog om besparing aan te moedig. ✓✓
- Beleggers in bates met buigsame markwaarde wen wanneer pryse styg, want bates met 'n buigsame markwaarde styg ten minste proporsioneel tot die inflasiekoers. ✓✓
- Die pryse van bates styg vinniger as stygings in die algemene prysvlak. ✓✓
- Mense spaar geld vir lang tydperke met die doel om hierdie fondse te gebruik om aan toekomstige verwagtinge te voldoen, hierdie spaargeld kan as vaste deposito's, in die geldmark, as lewenspolisse of in pensioenfondse belê word. ✓✓

**Belastingbetalers**✓
- Met inflasie styg belastingbetalers se nominale inkomste alhoewel hul reële inkomste onveranderd bly, omdat belasting op die nominale inkomste gehef word maar nie op reële inkomste nie, en dit beïnvloed die koopkrag van belastingbetalers. ✓✓
- Wanneer die inkomstebelastingskale onveranderd bly, verhoog inflasie die gemiddelde koers van persoonlike inkomstebelasting. ✓✓
- Individue sal hoër belasting moet betaal, selfs al is hulle eintlik nie beter daaraan toe as voorheen nie – blokkruiping lei tot 'n herverdeling van inkomste van belastingbetalers aan die owerheid. ✓✓

**Nywerheidsvrede**✓
- Loononderhandelinge gaan gepaard met stakings en massa-aksies. ✓✓
- Massa-aksies kan soms oorspoel na geweld wat die samelwing as geheel beïnvloed.✓✓
- Inflasie lei tot eise vir verhoogde lone namate vakbonde toenemende druk op werkgewers plaas om lone en salarisse te verhoog. ✓✓
- In uiterste gevalle, in die teenwoordigheid van besonderse hoë inflasie tesame met 'n owerheid wat vasbeslote is om nie aan loonverhogingseise toe te gee nie (wat inflasie tot selfs hoër hoogtes kan stoot) sal wydverspreide burgerlike onrus volg. ✓✓

**Betalingsbalansprobleme**✓
- Inflasie het 'n nadelige uitwerking op 'n land se betalingsbalans. ✓✓
- Inflasie laat binnelandse pryse styg en dit maak binnelandse uitvoere onmededingend op die internasionale markte en Suid-Afrikaanse uitvoerders kan groot handelsvennote verloor. ✓✓
- Die hoë pryse van uitvoere sal buitelandse besighede ontmoedig om Suid-Afrikaanse goedere te koop wat lei tot afname in uitvoere en 'n verlies aan buitelandse valuta-verdienste. ✓✓

**Werkloosheid en armoede** ✓
- Die uitwerking van inflasie is ongelyk, want dit bevoordeel niemand nie en benadeel die meeste – sommige minder as ander. ✓✓
- Inflasie is ook geneig om inkomste van lae-inkomstegroepe na hoërinkomstegroepe te herverdeel. ✓✓
- Die lae-inkomstegroepe het nie bates wat vinniger in waarde as die inflasiekoers kan styg om hulle te help om die uitwerking van inflasie te oorkom nie. ✓✓



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 17
APPROVED MARKING GUIDELINE

- Kragtige groepe soos vakbonde, groot maatskappye en die ryk mense, is in staat om hul deel van nasionale inkomste te vergroot ten koste van benadeelde mense soos pensioenarisse, werkloses en die welsynontvangers.✓✓

**Sielkundige invloed**✓
- Verbruikers en besighede se verwagtinge van wat die ekonomie inhou, beïnvloed hul vertroue binne die ekonomie. ✓✓
- Wanneer hul persepsie oor die ekonomie negatief is, sal dit weerspieël word in swak verbruiker- en sakevertroue en omgekeerd ✓✓
- Hoë inflasiekoerse verlaag verbruikersvertroue wat daartoe lei dat verbruikers kies om hul inkomste te spaar eerder as om dit te bestee aangesien hulle onseker is oor wat die ekonomiese toekoms vir die land inhou. ✓✓
- Wanneer verbruikers kies om hul inkomste te spaar eerder as om dit te bestee, sal totale besteding in die ekonomie afneem, wat veroorsaak dat besighede beperkte uitbreidingsgeleenthede het en daardeur sakevertroue in die ekonomie verminder.✓✓
- Wanneer produsente se koste toeneem as gevolg van spiraal- inflasie, sal dit hul mededingendheid en die vraag na hul goedere of diens verminder. ✓✓

**Lae inflasie verwagtinge** ✓
- Buitensporige looneise deur verskillende vakbonde te beperk omdat werkers nie stygings in lewenskoste in die toekoms verwag nie. ✓✓
- Laat verbruikers toe om verbruiksbesteding uit te stel en sodoende druk op prysstygings te verminder. ✓✓
- Aan huishoudings vertroue te gee dat inflasiekoers in die toekoms laag sal wees en hulle aan te moedig om meer uit die inkomste te spaar en sodoende oortollige vraag te beheer. ✓✓
- Verminder paniekaankope deur verbruikers wanneer hulle verwag dat pryse in die toekoms stabiel sal wees. ✓✓
- Reële rentekoerse 'n hupstoot te gee wat besparing sal aanmoedig. ✓✓
- Verhoog die las op debiteure wat hulle ontmoedig om geld te leen, as gevolg van die reële rentekoers ✓✓

**Hoë inflasie verwagtinge** ✓
- Buitensporige looneise deur verskillende vakbonde omdat werkers stygings in lewenskoste in die toekoms verwag, sal daartoe lei dat produsente pryse verhoog om ekstra koste van produksie te verhaal ✓✓
- Moedig verbruikers aan om paniekaankope te doen wanneer hulle verwag dat pryse sal styg en daardeur die druk op prys verhoog. ✓✓
- Maak huishoudings om minder te spaar, wat lei tot 'n oormaat vraag na goedere en dienste ✓✓
- Verlaag reële rentekoerse wat besparing sal ontmoedig. ✓✓
- Verminder die las op krediteure aangesien hulle hul geld teen hoër rentekoerse sal ontvang ✓✓

  (Aanvaar enige ander relevante antwoord) (Maks 26)
  **(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir opskrifte/subopskrifte/voorbeelde)**



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -03- 17
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC

**ADDISIONELE DEEL**

- Beurtkrag kan lei tot verminderde produksie in baie nywerhede wat tekorte aan goedere en dienste veroorsaak, wat tot vraagtrekinflasie kan lei. ✓✓
- Tydens beurtkrag sal besighede dalk op ondersteunende kragbronne soos kragopwekkers moet staatmaak wat die koste van produksie verhoog en tot kostedrukinflasie lei. ✓✓
- Beurtkrag kan tot 'n verswakte waarde van die rand lei as gevolg van 'n afname in buitelandse beleggervertroue in die land se ekonomie en daardeur die totale aanbod verminder en tot inflasie lei. ✓✓
- 'n Verswakte randwaarde sal 'n toename in sleutel-ingevoerde insette tot gevolg hê wat pryse van goedere sal verhoog. ✓✓
- Laer vlakke van belegging dra by tot stagflasie deur verminderde indiensneming en lae ekonomiese groei wat die inflasiekoers negatief kan beïnvloed. ✓✓
- Beurtkrag kan tot ontwrigting van die voorsieningsketting lei en sodoende inflasie veroorsaak aangesien besighede geneig is om bykomende koste op verbruikers te plaas. ✓✓
- Ondoeltreffende toewysing van hulpbronne as gevolg van beurtkrag belemmer ekonomiese ontwikkeling en lei tot koste-ondoeltreffendheid wat tot hoër pryse kan bydra. ✓✓
- Beurtkrag kan tot verhoogde staatsbesteding lei aangesien die owerheid gedwing word om in infrastruktuur soos kragopwekkers te belê om beurtkragkwessies aan te spreek wat lei tot inflasionêre druk as gevolg van groter staatslenings✓✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord) (Maks 10)

**(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir blote lys van feite)**

**SLOT**

Inflasie verminder die koopkrag van geld wat beteken dat verbruikers minder goedere kan koop wat tot 'n verlaging in die lewenstandaard sal lei daarom is dit belangrik vir loonverhogings om hoër as die inflasiekoers te wees. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoe orde slot) (Maks. 2) **(40)**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 17
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC ... NATION